No. 1072 4 Junie 1982

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE SUPERINTENDENTSWONING BY DIE WITRAND SORG- EN REHABILITASIESENTRUM, POTCHEFSTROOM

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die eiendom met die Superintendentswoning by die Witrand Sorg- en Rehabilitasiesentrum te Potchefstroom daarop, soos hieronder beskryf, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die eiendom, met die Superintendentswoning daarop, beskryf soos volg:

Die figuur ABCDA stel 2,0087 hektaar grond voor, synde 'n Proklamasiegebied oor die Restant van die plaas Town and Townlands of Potchefstroom 435, Registrasieafdeling IQ, provinsie Transvaal, soos getoon op Landmeterskaart LG A4351/81 van 3 November 1981 en geliasseer in die kantoor van die Landmeter-generaal in Pretoria.

Transportakte T2345/1906 van 21 Maart 1906 (paragraaf d).

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie huis is ná afloop van die Anglo-Boereoorlog as amptelike woning vir die bevelvoerende offisier van die Britse garnisoen te Potchefstroom opgerig, en het deel uitgemaak van die militêre kantonnemente aldaar. Dit is 'n belangrike skakel met die militêre verlede van Potchefstroom en dien as voorbeeld van die tipe behuising wat destyds vir senior offisiere opgerig is. 10/2/901.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1072 4 June 1982

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE SUPERINTENDENT'S RESIDENCE AT THE WITRAND CARE AND REHABILITATION CENTRE, POTCHEFSTROOM

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the property with the Superintendent's Residence thereon at the Witrand Care and Rehabilitation Centre at Potchefstroom, as described below, to be a national monument.

*Description*

The property with the Superintendent's Residence thereon described as follows:

The figure ABCDA represents 2,0087 hectares of land, being a Proclaimed Area over the Remainder of the farm Town and Townlands of Potchefstroom 435, Registration Division IQ, Province of the Transvaal, as shown on Surveyor's Diagram SG A4351/81, dated 3 November 1981, and filed in the office of the Surveyor-General in Pretoria.

Deed of Transfer T2345/1906, dated 21 March 1906 (paragraph d).

*Historical and architectural interest*

This house was erected after the Anglo-Boer War as the official residence for the officer commanding the British garrison at Potchefstroom, and formed part of the military cantonments there. It is an important link with Potchefstroom's military past and serves as an example of the type of accommodation erected for senior officers at that time. 10/2/901.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.

No. 1073 4 Junie 1982

## WET OP NASIONALE GEDENKWAARDIGHEDE, No. 28 VAN 1969

### VERKLARING VAN DIE KERKGEBOU VAN DIE OU APOSTOLIESE KERK VAN AFRIKA IN WAKKERSTROOM

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 10 (1) van die Wet op Nasionale Gedenkwaardighede, 1969 (Wet 28 van 1969), verklaar ek, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister van Nasionale Opvoeding, hierby die kerkgebou van die Ou Apostoliese Kerk van Afrika in Kerkstraat, Wakkerstroom, tesame met twee meter omliggende grond, tot nasionale gedenkwaardigheid.

*Beskrywing*

Die kerkgebou van die Ou Apostoliese Kerk van Afrika, teseame met twee meter omliggende grond, geleë op Erf 82, in die dorp Marthinus Wessel Stroom, Registrasieafdeling HT, Transvaal, groot 6 788 (sesduisend sewehonderd agt en tagtig) vierkante meter.

Transportakte T12344/1980, gedateer 18 Maart 1980.

*Historiese en argitektoniese belang*

Hierdie goedbewaarde voormalige Anglikaanse Kerkgebou, voorheen bekend as *St Mark's Church*, is op 6 April 1890 deur die Biskop van Pretoria, Hoogeerwaarde H. B. Bousfield, toegewy. Dit is van lateriet gebou. 'n Mooi brandglasvenster is omstreeks 1959 ingebou. 10/2/902.

G. VAN N. VILJOEN, Minister van Nasionale Opvoeding.

No. 1073 4 June 1982

## NATIONAL MONUMENTS ACT, No. 28 OF 1969

### DECLARATION OF THE CHURCH OF THE OLD APOSTOLIC CHURCH OF AFRICA IN WAKKERSTROOM

By virtue of the powers vested in me by section 10 (1) of the National Monuments Act, 1969 (Act 28 of 1969), I, Gerrit van Niekerk Viljoen, Minister of National Education, hereby declare the church of the Old Apostolic Church of Africa in Church Street, Wakkerstroom, together with two metres of surrounding land, to be a national monument.

*Description*

The church of the Old Apostolic Church of Africa, together with two metres of surrounding land, situate on Erf 82, in the town of Marthinus Wessel Stroom, Registration Division HT, Transvaal, measuring 6 788 (six thousand seven hundred and eighty-eight) square metres.

Deed of Transfer T12344/1980, dated 18 March 1980.

*Historical and architectural interest*

This well-preserved former Anglican Church, previously known as St Mark's Church, was consecrated on 6 April 1890 by the Bishop of Pretoria, the Right Revd. H. B. Bousfield. It is built of laterite. A fine stained glass window was installed in about 1959. 10/2/902.

G. VAN N. VILJOEN, Minister of National Education.